# Hartsvrae

# Deel 1 – Hoe deel ek my geloof met ander?

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wat was een van die lekkerste vakansies wat jy al ooit gehad het? Deel jou ervaring.**

**Wat was van die lekkerste kos wat jy al ooit geëet het? Deel jou ervaring.**

**Op 'n skaal van 1 tot 10, hoe gemaklik voel jy om vir ander mense van Jesus te vertel? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Matteus 28:19-20; Markus 16:15; Lukas 24:46-47; Johannes 20:21 en Handelinge 1:8. Watter opdrag sien jy in al hierdie evangelies en Handelinge? Hoekom dink jy word dit oor en oor in die Bybel herhaal?**

**Matteus 4:19. Wat is die gevolg daarvan as ons Jesus volg? Hoeveel sien jy tans hiervan in jou eie lewe?**

**2 Korintiërs 5:17-21. Aan wie het God hierdie goeie boodskap van versoening toevertrou?**

**As jy jou eie lewe aan die bogenoemde gedeeltes moet evalueer, hoe getrou en gehoorsaam is jy aan dit wat Jesus vra? Hoekom dink jy is dit die geval?**

**Handelinge 11:24, Lukas 15:7 en 10. Hoekom kan ons sê *EEN MEER* is 'n aansienlike getal?**

**Wie is jou *EEN MEER* (iemand naby jou, maar ver van die Here)? Hoe kan jy hierdie week vir dié persoon (persone) bid en dien? Hoe kan jou GROEP jou daarin ondersteun?**

**Hoe gereed is jy tans om jou getuienis met mense te deel? Wat kan jy hierdie week doen om meer voorbereid te wees of uit te kyk vir 'n geleentheid om dit te deel?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**